Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org

KINDERDOOP
GROOTDOOP
HERDOOP

Prof. L. Floor

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasielektuur van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, NOORDBRUG 2522 Met erkenning aan die Instituut vir Reformatoriese Studie,
P.U. vir C.H.O. © 1982

E.F.J.S.

Prof. Floor is hoogleraar in Nieu-Testamentiese Vakke aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, 2520.

1. KRITIEK OP DIE KINDERDOOP

1.1. Wat is fout met die kinderdoop?

Meer as ooit tevore is die sakrament van die kinderdoop die skyf van felle aanvalle. Aan die een kant word die doop van kinders kragtig verdedig. Kerke van reformatoriese karakter is die kragtigste handhawers van die kinderdoop. Maar aan die ander kant word die kinderdoop vurig bestry. Van ouds is dit die Baptistiese kerke wat die kinderdoop afwys. In ons tye het met die opkoms en verbreiding van die Pinksterbeweging en later die Pentekostalisme en die Charismatiese beweging die debat oor die kinderdoop weer eens sterk opgevlam.

Wat vind hulle fout met die kinderdoop? By al hierdie bewegings is daar 'n sterk neiging tot 'n biblisistiese hantering van die Skrif sonder enige besef van die historiese karakter daarvan. Daar is geen oog vir die kontinuïteit, die eenheidsband tussen die Ou en die Nuwe Testament nie. Dan word uitgegaan van 'n absolute teenstelling tussen natuur en genade wat lei tot 'n miskenning van die natuurlike verband waarin die mens volgens die verbond van God aan die beloftes deel het. Die sakrament van die doop word verstaan as 'n menslike daad in antwoord op die genade van God eerder as dat dit as daad van God aan die mens gesien word.
Daar is in hierdie kringe 'n sterk verlange na 'n bewuste belewing van die doop.

Die doop word die doop van die gelowiges genoem, omdat 'n mens eers nadat hy weergebore is en bewus tot geloof gekom het, die doop as 'n bevestiging, 'n verseëling van sy geloof kan belewe.

Die kinderdoop word afgewys, omdat 'n baba nog nie kan glo nie, terwyl ook sterk bevraagteken word of 'n kind van 'n gelowige op grond van sy ouers se geloof 'n voorsprong het bo dié van 'n ongelowige.

1.2. Die vroegste kritiek teen die kinderdoop.

Die vroegste kritiek teen die kinderdoop kry ons by die oud-Christelike skrywer, Tertullianus, wat tussen 160 en 220 n.C. geleef het. In daardie tyd was die kinderdoop al 'n gangbare praktyk in die Christelike kerk, want Tertullianus kom nie in opstand teen iets nuuts wat in die kerk ingevoer is nie; hy lewer kritiek op 'n bestaande praktyk. Hy het ook nie soseer beginselbesware nie, maar hy kom met praktiese besware: die kinderleeftyd is die leeftyd van die onskuld; dit is beter om die doop uit te stel, hoe later hoe beter, so oordeel Tertullianus.

1.3. Die kritiek van die Middeleeue.

In die 12de eeu n.C. kom daar kritiek op die kinderdoop van die kant van die Katare en Waldense. Die Roomse Kerk het in hulle oë 'n dooie en geestelik ingesonke kerk geword. Daar was weinig of geen persoonlike vroomheid nie, en die kerk het 'n volkskerk, 'n massakerk geword. Die leiding van die kerk was volledig verwêreldlik.

Die kinderdoop is deur hulle beskou as die eintlike oorsaak van die diep verval en die treurige toestand van die kerk. Die doop van klein kinders bring ons, so sê die Katare en Waldense, by die wortel van die kerklike ingesonkenheid. Daarom, neem die kinderdoop weg, en die kerk sal weer 'n lewende en kragtige geloofsgemeenskap word. Hierdie opmerking word ook vandag van die kant van die voorstanders van die volwassenedoop, of die doop van die gelowige nog dikwels gehoor. Die kerk is so dood, omdat die kinders gedoop word. Breek weg van die kinderdoop, en daar kom 'n nuwe, lewende kerk!

1.4. Die tyd van die Hervorming.

Heftige reaksie teen die kinderdoop ontvlam in die 16de eeu in die tyd van die Hervorming. Saam met die hervormers gaan 'n groep mense uit die Roomse Kerk wat die kinderdoop radikaal verwerp. Ons noem hulle die Anabaptiste of Wederdopers. Die Anabaptiste was van oordeel dat in die kinderdoop die natuur met die genade vermeng word. Daar mag by 'n kind, selfs al is dit 'n kind van gelowige ouers, nie met die afstamming van die kind rekening gehou word nie.

By die doop gaan dit om die geloof. 'n Baba kan mos nog nie glo nie, en daarom kan die kind ook nie gedoop word nie. Daar is, volgens die Doperse beweging, 'n teenstelling tussen die Ou Verbond en die Nuwe Verbond. Die Ou Verbond is natuurlik en die Nuwe Verbond geestelik. Daarom is 'n beroep op die Ou Testament om die kinderdoop te verdedig vir hulle nie aanvaarbaar nie.

Vanweë die herdoop van hulle volgelinge word die aanhangers van die Doperse beweging ook wel as Anabaptiste aangedui. Hulle noem die doop die doop van die gelowiges.

1.5. Die kritiek van Karl Barth

Teen die middel van die 20ste eeu het uit Switserland die bekende teoloog, Karl Barth, met 'n skerp afwysing van die kinderdoop gekom. Hy noem die kinderdoop nie 'n egte doop nie, maar 'n verduisterde doop. Volgens Barth is dit nie God wat heilryk in die doop handel nie. In die doop handel die mens. In die doop antwoord die mens op God se genade. As menslike handeling is doop 'n daad van gehoorsaamheid en van hoop.

In 'n vraaggesprek oor die doop het Karl Barth die bekende uitspraak gelewer: 'n doopsbediening sonder 'n belydende dopeling is ewe onmoontlik as 'n teregstelling sonder slagoffer.

Barth se verwerping van die kinderdoop kan gedeeltelik uit sy skerp kritiek op die doopppraktyk in 'n volkskerk verklaar word. Omdat die kerk sy volkskarakter wil behou en ook aan die ryksomvang wil vashou, is volgens Barth na die algemene praktyk van die kinderdoop gegryp

om die kerk teen ondergang te beskerm.

'n Tweede punt van kritiek van Karl Barth op die kinderdoop hou verband met sy siening van die skepping. Hy sien dit wat met die skepping gegee is, as 'n bedreiging vir die soewereiniteit van die genade. Barth se siening van die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament hang ook ten nouste hiermee saam. Hy stel die Ou Testament as 'n natuurlike verbond teenoor die Nuwe Testament as 'n geestelike verbond.

Eintlik is daar geen prinsipiële verskil tussen die kritiek van Karl Barth op die kinderdoop en die kritiek van die Doperse beweging nie. Die verskil is alleen dat Barth by sy verwerping van die kinderdoop tog nie vir 'n herdoop, 'n wederdoop pleit nie. Hier is Barth meer in die lyn van Tertullianus. Die doop van suigelinge is volgens Karl Barth wel uiters bedenklik, maar dit beteken nie dat daardie doop op 'n ongeldige wyse voltrek is nie.

1.6. Hoe moet ons antwoord?

Wanneer ons op al hierdie kritiek op die kinderdoop wil antwoord, sal dit in die eerste plek vanuit die Bybel gedoen moet word. Daarby kan ook van die belydenis van die kerk en die verskillende liturgiese formuliere gebruik gemaak word om aan te toon hoedat in daardie geskrifte die Bybel eenvoudig gelowig nagespreek word.

Die grootste probleem in elke gesprek oor die doop is die probleem van die regte gebruik van die Bybel.
Calvyn het in sy stryd met die Anabaptiste die Bybel gebruik, terwyl sy teenstanders ook met tekste uit die Bybel kom om die groot hervormer te bestry. In die gesprek oor die doop en die stryd oor die kinderdoop is die wyse waarop die Bybel hanteer word van die allergrootste belang. Ons kan nie volstaan met 'n verwysing na 'n paar lukraak tekste nie. Die vraagstuk van die eenheid van God se optrede in Ou en Nuwe Verbond kom hier ter sprake. Gaan ons by ons beroep op die Bybel om ons siening oor die doop te verdedig uit van 'n teenstelling tussen die Ou en die Nuwe Testament, of handhaaf ons die openbaringseenheid van die Heilige Skrif?

By 'n gesprek oor die doop en met name die kinderdoop. moet vervolgens ook die struktuur van die evangelie ter sprake kom. Kan ons sê dat die struktuur van die evangelie 'n verbondstruktuur is, of moet ons by ons debat oor die doop van die individualiteit van die geloof uitgaan?

In die derde plek is dit belangrik om 'n antwoord te soek op die vraag: Wie handel in die doop? Is die doop 'n heilsdaad van God, of is dit 'n geloofsantwoord van die mens?

In die Nuwe Testament word die doop telkens met die groot heilshistoriese gebeurtenis van die sterwe en opstanding van Christus in verband gebring. Wat beteken dit vir die regte evaluering van die doop?

Ten slotte moet die uiters belangrike vraag beantwoord word: Wat verseël die doop: God se belofte, of my geloof?

By die behandeling van die onderwerp van die doop in die Nuwe Testament moet ons probeer om twee gevare te vermy. Enersyds moet ons waak teen die oorbeklemtoning van die doop selfs in so 'n mate dat ons aan die doop heilsnoodsaaklikheid toeken in die oortuiging dat iemand wat nie gedoop is nie, nie gered kan word nie. Maar andersyds moet ons waak teen onderbeklemtoning van die Christelike doop asof die doop in verband met ons verlossing nie belangrik sou wees nie.

Dit is seker betreurenswaardig dat die heilige en heerlike doop, wat tog *die* teken van eenheid onder Christene behoort te wees, in die kerk van Christus tot vandag toe een van *die* verskilpunte van onheilige verwydering en vervreemding geword het. In baie harte en huise en tussen vele Christene het die diskussie oor die doop reeds verskeurdheid en smart gebring. Wat bymekaar hoort, is uitmekaar gedryf en dit het dikwels by 'n oop Bybel gebeur. Dit wys hoe dieselfde Bybel op 'n totaal verskillende manier verstaan en verklaar word.

2. DIE AGTERGRONDE VAN DIE CHRISTELIKE DOOP

2.1. Waar kom die doop vandaan?

Soos die verskyning van die Christelike kerk in die Nuwe Testament sy wortels in die Joodse sinagoge het en soos die heilige nagmaal op die Joodse pasgaviering teruggaan, so is daar ook 'n verband tussen die Christelike doop en die rituele reinigings in die Ou Testament.

Daar is in die laaste jare meer aandag aan die Joodse agtergrond van die Christelike doop gegee. Wie na die agtergrond van die Christelike doop ondersoek ingestel, kom in aanraking met die rituele reinigings van die Ou Testament, die sogenaamde proselietedoop en die doop van Johannes.

2.2. Die rituele reinigings in die Ou Testament.

Rituele wassinge was 'n algemene verskynsel by die volkere van die Oosterse wêreld. In die heidense godsdienste was daar 'n diep gewortelde oortuiging dat water die krag het om 'n mens religieus te reinig. Die natuur is met die godheid vereenselwig, en daarom het water goddelike krag gehad.

Godsdienstige reinigingsrites was ook by die volk Israel bekend. Tog is daar 'n wesenlike verskil tussen Israel en die heidense volkere. Die heidense reinigingsrites moet teen die agtergrond van die natuurgebeure gesien word, terwyl die wassinge by Israel in die lig van die heilsgebeure beskou moet word.

In die Ou Testament was die verskillende .wassinge nodig met die oog op die ontmoeting met God. Sowel in die amptelike diens van die priester as in die persoonlike lewe is daar reiniging

nodig om tot God te kan nader. Die reiniging van die liggaam is 'n heenwysing na die suiwerheid van die hart. Die ware reiniging is die afwassing van die sonde en die innerlike vernuwing waarvan Dawid in Psalm 51 sing.

Veral die profete wys daarop dat die reiniging nie maar 'n saak van die buitekant is nie. Die boosheid van die hart moet weggeneem word. Uitwendige wassinge moet met innerlike bekering gepaard gaan (Jes. 1:16 e.v. [Isa_1:16]). Die profete wys ook daarop dat die eintlike wassing 'n toekomstige gebeurtenis is. Die groot heilstyd sal die tyd van die groot reiniging wees (Eseg. 36:25 [Eze_36:25]; Sag. 13:1 [Zec_13:1]).

In die Ou Testament is die wassing deur en deur 'n heilsgebeure wat heenwys na die groot werk van reiniging wat die Messias sal volbring. Hy sal die reiniging van ons sondes bewerk (Heb_1:3). En tegelyk wys dit heen na die magtige werk van die Heilige Gees. Deur die Gees van strafgerig en die Gees van uitdelging sal die onreinheid van die dogters van Sion en die bloedskulde van Jerusalem daaruit weggespoel word (Jes. 4:4 [Isa_4:4]). Van hierdie innerlike reiniging wat in die eindtyd as 'n groot eskatologiese gebeurtenis sal plaasvind, was die uitwendige wassinge in die Ou Testament 'n simbool.

2.3. Die proselietedoop

Onder *proseliete* word verstaan heidene wat die Joodse geloof aangeneem het. Wanneer iemand die Joodse geloof aanneem, moes hy ook in die gemeenskap van die volk opgeneem word. Die reël was dat so 'n bekeerling die besnydenis en die proselietedoop moes ondergaan en daarna 'n offer moes bring.

By die oorgang van die heidendom tot die Jodedom het die kinders van die proseliete saam met hulle ouers die sogenaamde proselietedoop ontvang. Wanneer 'n verwagtende moeder gedoop is, was dit nie nodig dat haar kind later ook nog gedoop moes word nie. Die kind is gedoop in die doop van sy moeder. Dieselfde geld vir kinders wat later gebore is. Hulle het nie nodig gehad om gedoop te word nie, maar daar is wel deur die rabbyne gesê dat dit tot hulle voordeel sal wees wanneer hulle tog maar gedoop word.

In die doophandeling by die proselietedoop het die dopeling self die doophandeling verrig. Daar was by hierdie doopritueel nie 'n spesiale doopformule nie. Die proselietedoop wou veral tot uitdrukking bring dat reiniging noodsaaklik is alvorens iemand in die nuwe gemeenskap van die volk Israel opgeneem word. Dit is besonder treffend dat toe van die kant van die Pinksterbeweging sterk daarop aangedring is om die kinderdoop geheel te verwerp, 'n voorman van die Charismatiese werkgemeenskap in Nederland, drs. W.C. van Dam, openlik erken het dat ons nie kan volhou om te sê dat die kinderdoop onbybels is nie. Hy skrywe:

„Als heidenen overgingen tot het joodse geloof, werden niet alleen de mannen en die jongentjies besneden, maar werd tevens het gehele gezin gedoopt. De gemeente van de Messias Jezus nam niet het eerste, wel het tweede over. Daarom werd men gedoop ‚met zijn gehele huis' (Hd. 16:15 [Act_16:15]; Hd.16:33 [Act_16:33]; I Cor. 1:16 [1Co_1:16]). Daarom kan Paulus de doortocht van Israël door de Schelfzee gebruiken als beeld van de doop, die de overgang uit het rijk der

duisternis naar het rijk des lichts markeert. Bij die doortocht trok het hele volk Israël op, van groot tot klein (I Cor. 10:1-3 [1Co_10:1-3]). De Bijbel denkt niet individualistisch. Ouders nemen hun kinderen en slaven mee naar het rijk des lichts. De gemeente van het Nieuwe Verbond is daarin niet anders en armer dan de gemeente van het Oude Verbond" (aangehaal deur H.N. Ridderbos, *Gereformeerd Weekblad*, 31(40), 2 April 1976).

Daar loop, aldus drs. Van Dam, 'n duidelike lyn van die proselietedoop na die huisdoop in die Nuwe Testament en dan met name die kinderdoop.

2.4. Die doop van Johannes die Doper

By alle raakvlakke wat daar mag wees, kan ons tog nie die doop van Johannes op een lyn met die proselietedoop stel nie. In baie opsigte was die doop van Johannes iets heeltemal nuuts.

Die doop van Johannes moet in verband met die nabyheid van die koninkryk van God gesien word. Die doop van Johannes verskil juis hierin van die proselietedoop dat Johannes sy doop in die midde van die volk Israel bedien het.

Die proselietedoop trek 'n skeiding tussen die volk Israel en die heidense volke. Die doop van Johannes trek 'n skeiding dwarsdeur die volk Israel. „Van belang is om daarop te let dat die lyn so getrek word dat dié wat buite val, die kaf is en die bome wat uit die boord verwyder word, en dié wat binne is, die eintlike voortsetting is van die volk" (W.J. Snyman, *Nuwe en ou dinge*, 1977, p. 172).

Hoewel die doop van Johannes wel aan die wassinge in die Ou Testament, by Qumran en aan die proselietedoop laat dink, is die doop van Johannes tog uniek van karakter.

Die unieke karakter en besondere van die doop van Johannes lê hierin dat sy doop in verband met die heilsgebeure in Christus Jesus staan. Met die oog op die koms van die Messias is reiniging en bekering noodsaaklik. Sowel in sy prediking as in die doop wat hy bedien, word dit tot uitdrukking gebring. Daarom word sy doop ook as die doop van bekering tot vergifnis van sondes omskryf (Mar_1:4) of die doop met water tot bekering (Mat_3:11).

Die doop van Johannes verkondig op 'n sigbare wyse dat 'n totale bekering, 'n radikale omkering noodsaaklik is met die oog op die koms van die Messias, die Koning van die ryk van God.

3. DIE BELOFTE VAN GOD EN DIE DOOP

3.1. Oorwegings ten gunste van die volwassenedoop

Dit lyk of steeds meer mense in die reformatoriese kerke, veral jong mense en selfs predikante,

met die kinderdoop probleme ondervind. Dit is nie mense wat oppervlakkig lewe en nie regtig in dit wat in die kerk gebeur, belangstel nie. Hulle is ernstige en toegewyde lidmate.

Hoekom is hulle dan nie meer met die kinderdoop tevrede nie? Wat dryf hulle om hulle eie doop te verag en om weer gedoop te word?

Daar is twee oorwegings wat telkens genoem word:
1. Ek is as 'n kind gedoop sonder dat ek daar self oor kon besluit, terwyl ek voel dat jy gedoop moet word op grond van jou eie geloofsbeslissing. Dan kan jy jou doop bewus belewe. Dan bevestig die doop jou geloofservaring, jou bekering, jou wedergeboorte.
2. Die tweede argument is: Daar staan nêrens in die Nuwe Testament 'n uitdruklike bevel dat kinders gedoop moet word nie.

Hierdie argumente klink nogal oortuigend. Baie jong mense word daardeur beïndruk. Wanneer ons kortliks na hierdie twee argumente ten gunste van die volwassenedoop kyk, moet die volgende gestel word: Inderdaad is ons as kinders gedoop. Ons toestemming is nie gevra nie. Dis vir ons gegee. God bied ons dit aan.

Wat is die doop eintlik? Ons sal later nog sien dat die doop eintlik 'n regeringsverandering is. Ons is in die ryk van die sonde en die dood gebore. Ons is in sonde ontvang en gebore en daarom kinders van die toorn, so sê die begin van die Doopsformulier. Ons is egter opgeneem in die ryk van Koning Jesus Christus. Dit word vir ons in die doop bevestig, beteken en verseël.

Die tweede argument lyk sterker. Waar staan in die Nuwe Testament dat die kinders gedoop moet word? Daar is nie een enkele teks om dit te bewys nie. Maar daar is wel die hele Bybel wat dit aan ons verduidelik en kragtig bewys. Ons moet onthou: die Nuwe Testament is eintlik 'n sendingboek. Die meeste boeke en briewe is op die sendingveld geskrywe. In die Nuwe Testament is die doop daarom die volwassenedoop. Mense, volwassenes, kom uit die heidendom na die Christelike kerk oor. Hulle moet gedoop word. Hulle word gedoop nadat hulle hulle geloof bely het. So is dit vandag nog wanneer iemand uit die wêreld deur die arbeid van sending en evangelisasie tot geloof kom: na geloofsbelydenis vind die doop plaas. Die kerk is nie teen die grootdoop nie. Ons het selfs 'n formulier om die heilige doop aan die volwassenes te bedien.

Tog vind ons in die Nuwe Testament 'n duidelike aanwysing dat ook kinders gedoop behoort te word. Daar is in die Nuwe Testament 'n duidelike verband tussen die doop en die kind. Ons lees dit in Handelinge 2:38, 39 [Act_2:38-39]. Hierdie verse is 'n gedeelte uit 'n toespraak, 'n preek van Petrus. Hierdie preek het hy op Pinkster gelewer. Ons staan hier dus in die nuwe bedeling. Petrus noem dit self in vers 17: die laaste dae. Wat bedoel hy met die laaste dae? Dit is die dae van die Heilige Gees. Dit wys na die tyd tussen hemelvaart en wederkoms. In daardie tyd, in daardie dae sal die Heilige Gees as die Gees van Koning Jesus uitgestort, uitgegiet word.

Laat ons eers kyk hoe ons Here Jesus hierdie gebeurtenis van die koms van die Heilige Gees aandui. In Handelinge 1:5 [Act_1:5] sê Christus: Julle sal met die Heilige Gees gedoop word. Die woord *gedoop* beteken dat die Heilige Gees in oorvloed uitgegiet sal word. Pinkster is die dag van die doop. Die nuwe bedeling is die bedeling van die doop, die doop met die Heilige Gees. Daardie doop, die Geestesdoop, word deur Christus, die verhoogde Koning, self verrig

(Mat_3:11; Luk_3:16).

Petrus beskryf dieselfde gebeurtenis met die woorde van die profeet Joël. Hy gryp na sy Bybel, en uit die Ou Testament, uit die boek Joël, verduidelik hy nou presies wat op Pinkster gebeur het: die Heilige Gees word uitgestort, uitgegiet op alle vlees, op alle mense.

Wanneer ons goed na Petrus luister, dan word met alle mense ou mense bedoel, maar ook jong mense, die seuns en die dogters (Hand. 2:17 [Act_2:17]). Wanneer ons na Joël terugkyk, blyk dit dat selfs kinders en suigelinge by die vreugdevolle koms van die Heilige Gees betrek moet word.

In sy preek verkondig Petrus dat Christus, die verhoogde Heiland, van God die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het (Hand. 2:33 [Act_2:33]). God die Vader staan agter die gebeurtenis op Pinkster. Christus het die belofte van die Heilige Gees deur sy lyding en sterwe verdien en verwerf (Hand. 2:31, 33 [Act_2:31; Act_2:33]). En die Heilige Gees as God se gawe word op Pinkster uitgedeel. Ons sien dus dat dit hier gaan om wat God Drie-enig doen.

3.2. Bekering en doop

Die eerste hoorders was diep in hulle harte getref deur die prediking van Petrus. Hulle vra wat hulle moet doen. Petrus antwoord: Bekeer julle en laat julle doop. Bekering is: keer jou af van die sonde en stel jou onder die heerskappy van Christus; keer met boete en berou tot God terug. En laat julle doop in die Naam van die Here Jesus Christus. Letterlik staan daar: Laat julle doop op basis van die Naam van Jesus Christus. Dit beteken dat die doop nou op basis van die volle heilswerk van Jesus Christus kan plaasvind. Op basis van Christus se versoening kan die nuwe lewe ontvang word. Hoewel by die volwassene die doop op bekering volg, is die bekering nie die grond vir die doop nie. Die doop kan nooit op grond van bekering, berou of geloof gebaseer word nie.

Tog is dit eers bekering en daarna die doop, want Petrus praat hier met grootmense, met volwassenes. Die volwassenedoop word na geloofsbelydenis bedien.

3.3. Vergewing van sondes en die gawe van die Heilige Gees

Vervolgens is die doop ook 'n doop tot vergewing van sondes. Dit beteken hoegenaamd nie dat vergewing van sondes deur middel van 'die doop verleen word nie. Die Christelike doop is op die vergewing van sondes gerig. Die afwassing van die sondes word deur die doop as reiniging uitgebeeld. En dan sê Petrus: Julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Ook hierdie uitdrukking moet ons teen die agtergrond van die Ou Testament sien. In Joël se professie word die Heilige Gees as die groot gawe van die eindtyd belowe (Joe_2:28). Die vergewing van sondes is die negatiewe en die gawe van die Gees die positiewe van dit wat in die nuwe bedeling ontvang word wanneer die heilstyd aangebreek het.

3.4. Die motivering vir die doop

Ons kom hier by 'n baie belangrike saak. Daar word dikwels geredeneer dat die kinderdoop op grond van die belofte van God bedien word en dat die volwassenedoop bedien word op grond van iemand se geloofsbelydenis. Maar wat hoor ons hier? Wat is die grond vir die volwassenedoop? Petrus sê dit onomwonde: die belofte van God. Hy sê in vers 39: Want die belofte kom julle toe. Die belofte het tot inhoud God se heil in Jesus Christus, nuwe lewe op grond van vergewing van sondes, die gawe van die Heilige Gees.

Hierdie Jode met wie Petrus praat, was reeds besny. Op grond van die belofte van die Ou Testament het hulle die besnydenis ontvang. Op grond van die belofte van God mag hulle nou die doop ontvang. God se Woord leer hier vir ons dat die grond vir die volwassenedoop die belofte van God is.

Petrus betrek die Ou Testamentiese verbondsbelofte op die heil van God in Jesus Christus. Op grond van dieselfde belofte word aan die bekeerde Jode God se heil in Jesus Christus toegesê.
Tot sover is alles duidelik. Net soos in die Ou Testament by Abraham, so gaan dit ook hier. Abraham ontvang God se belofte. Hy glo God se belofte en hy word besny — die volwassebesnydenis.

Die Jode in die laaste dae in Jerusalem kom tot geloof en hulle word gedoop — die volwassenedoop.
Maar dan kom daar in Handelinge 2:39 [Act_2:39] 'n onverwagse wending. Plotseling sê Petrus: Daardie belofte, die belofte van vergewing en vernuwing, die belofte van die Vader wat die Heilige Gees tot inhoud het, is ook vir
julle kinders.

Dis 'n manier van praat wat vir die Jode glad nie vreemd was nie. So het dit mos reeds met Abraham begin.
Die belofte was in die Ou Testament ook vir die kinders. Daarom is hulle besny. Die volwassenebesnydenis is deurgetrek na die huisbesnydenis en die kinderbesnydenis (Gen. 17.). So word in die Nuwe Testament die volwassenedoop na die kinderdoop deurgetrek. God se heil is ook vir die kinders. Waarom mag hulle die teken dan nie ontvang nie?

In die Ou Testament kry ons na die volwasenebesnydenis van Abraham die huisbesnydenis (Gen_17:12-14). So lees ons in die Nuwe Testament na die volwassenedoop van die huisdoop of die doop van gesinne (Hand. 10: 44-48 [Act_10:44-48]; 16:15 [Act_16:15]; 16:33 [Act_16:33]; 18:8 [Act_18:8]).

Hierdie heerlike belofte van sondevergewing en lewensvernuwing wat die Heilige Gees wat uitgestort is, wil bewerk, is ook vir hulle wat daar ver is. Sommige Skrifverklaarders wil hier dink aan die Jode in die verstrooiing. Dit lê egter meer voor die hand om hier aan die heidene te dink, veral wanneer ons op Handelinge 22:21 [Act_22:21] let waar God vir Paulus gesê het: Ek sal jou ver (dieselfde Griekse woord *makran)* wegstuur na die heidene. By *ver* kan ons ook dink aan mense wat ver van God is (vgl. Ef. 2:13, 17 [Eph_2:13, Eph_2:17]) en dan gaan dit oor heidene.

Ons moet goed daarop let dat die belofte van God en daarby die bevel om gedoop te word, nie vir almal wat ver is, bedoel is nie. Petrus sê nadruklik daarby: dié wat die Here onse God na Hom toe sal roep (Hand. 2:39 [Act 2:39]). Hierdie uitdrukking kom uit Joël 2:32 [Joe 2:32]. Die roeping deur die verkondiging van die evangelie gaan vooraf. Heidene wat God se roepstem hoor en tot geloof kom, mag in dieselfde belofte deel. Hulle mag daarom ook saam met hulle kinders die teken en die seël van God se belofte ontvang.

Agter die kinderdoop staan die roeping van God. Die volgorde is: roeping, geloof en doop. Alleen daar waar die evangelie verkondig en gelowig aangeneem is, kan gedoop word. Gelowiges word gedoop, maar ook hulle kinders. Dan word die volgorde omgekeerd: roeping, doop en geloof. So was dit reeds by Isak en by die ander kinders van gelowige ouers in die Ou Testament: roeping, besnydenis en geloof.

Handelinge leer ons dat aan die doop van die volwassene en van die kind God se belofte, die belofte van vergewing en vernuwing, ten grondslag lê. 'n Mens kan net gedoop word, omdat God sy belofte gegee het. Die doop is immers die seël op God se eie belofte, nie op die geloof van die mens nie. God se belofte is waaragtig. Jy kan dit aan die seël sien.

4. BESNYDENIS EN DOOP

4.1. Het die doop in die plek van die besnydenis gekom?

Het die doop regtig in die plek van die besnydenis gekom? Hierdie vraag is van die uiterste belang. Die doop in die plek van die besnydenis — het ons hier met 'n Bybelse stelling te doen of is dit maar net 'n mensgemaakte bewering? In die Gereformeerde tradisie word die kinderdoop verdedig met die argument dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Sonder enige twyfel het ons hier te doen met een van die sentrale kinderdoopargumente van Christene wat in die Gereformeerde tradisie staan. By Calvyn is dit selfs die deurslaggewende bewysgrond.

Die teenstanders van die kinderdoop is van oordeel dat die besnydenis radikaal van die doop verskil. Die besnydenis het alleen iets met bloedafstamming te doen en nie met geloof en wedergeboorte soos die doop nie. Daar is volgens die bestryders van die kinderdoop 'n diep ingrypende verskil tussen Ou en Nuwe Verbond. Die Ou Verbond is die bedeling van die veroordeling en die dood, terwyl die Nuwe Verbond die bedeling van vergifnis, regverdiging en lewe is. Die besnydenis is maar net 'n teken dat die kind in Israel tot die verbondsvolk behoort.

In die diskussie oor die kinderdoop gaan dit in wese oor die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament. Een van twee is waar: óf die handhawers van die kinderdoop oorskat die betekenis van die Ou Testament en hulle maak geestelik wat alleen maar natuurlik is, óf die teenstanders van die kinderdoop onderskat die Ou Testament en beskou as net natuurlik wat ook geestelik is.

Hoe moet ons die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament sien? Is daar kontinuïteit of diskontinuïteit tussen die twee Testamente?
Die antwoord moet ons in die Bybel self gaan soek.

4.2. Die eenheid tussen Ou en Nuwe Testament.

Wanneer ons na die taal van die Bybel luister, word ons telkens getref deur die groot eenheidsgedagte van die Heilige Skrif. Waar die Skrif byvoorbeeld praat oor die kerk, moet dit ons tref dat die kerk in die Nuwe Testament (1 Petr. 2:9, 10 [1Pe_2:9-10]) omskryf word met terme wat aan die Ou Testament ontleen is (Ex. 19:6 [Exo_19:6]). Dieselfde tref ons in die taal van die Bybel oor besnydenis en doop. Wanneer die Nuwe Testament oor die doop praat, word besnydenisterminologie gebruik (Kol. 2:11 [Col_2:11]).

Aan die ander kant word in die Nuwe Testament doopterminologie vir die besnydenis gebruik (Rom_4:11). Die besnydenis word in Romeine 4:11 'n seël, 'n waarborg genoem dat die mens deur die geloof in die regte verhouding tot God kom. Maar die doop is ook 'n waarborg dat die mens deur die geloof in die regte verhouding tot God kom (Rom_6:4-7).

In die Ou Testament was die besnydenis 'n reinigingsritus. 'n Onbesnedene is as onrein beskou (Gen_17:10, Gen_17:14). Die volk Israel word in die verbond met God opgeneem, maar dan is reiniging nodig (Jer. 4:4).

Die doop is ook 'n reinigingsritus. Die doop word in die Nuwe Testament as 'n reinigingsbad - aangedui (1 Kor. 6:11 [1Co_6:11]; Ef. 5:26 [Eph_5:26]).

Dan is daar in die Bybel sprake van twee besnydenisse en twee dope: die besnydenis met hande en die besnydenis sonder hande, die doop met hande en die doop sonder hande gedoen. Die besnydenis met hande word deur mense verrig. Die besnydenis sonder hande word deur God gedoen. Dit is die besnydenis van die hart (Rom_2:29; vgl. Deu_10:16; Deu_30:6). Die doop met hande is die waterdoop wat mense verrig, en die doop sonder hande is die Geestesdoop wat deur Christus verrig word (Hand. 1:5 [Act_1:5]).

4.3. Die besnydenis van Abraham

By die volk Israel was die besnydenis 'n teken van die verbond wat die Here met die volk gesluit het. In Genesis 17:1-14 [Gen_17:1-14] word die besnydenis 'n teken en 'n seël van die verbond genoem. Die besnydenis waarvan Genesis 15:6 [Gen_15:6 {Gen_17:24 - WJS}] spreek, is die volwassenebesnydenis. Abraham is besny nadat hy tot geloof gekom het.

Wanneer die apostel Paulus oor die volle, Nuwe Testamentiese heil wat in Jesus Christus verskyn het, skrywe (Rom_3:21-31), dan praat hy in hierdie verband merkwaardigerwyse ook oor die besnydenis. God se heil in Jesus Christus is volgens Paulus 'n heil wat net deur geloof ons deel word. Teenoor sy lesers wys Paulus dan daarop dat hierdie heil reeds in die Ou

Testament teruggevind word. Met twee voorbeelde word dit dan aangetoon: Paulus wys op Abraham (Rom_4:3) en Dawid (Rom_4:6).

Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken (Rom_4:3, Rom_4:9). God se heil bestaan in vergewing van ons ongeregtighede, in bedekking van ons sondes.

Paulus brei dan verder op die figuur van Abraham uit, en dan praat hy oor Abraham se besnydenis. Hy is besny nadat hy tot geloof gekom het. Dus eers geloof en daarna besnydenis. Ons kan Abraham se besnydenis as 'n geloofsbelydenis of 'n volwasenebesnydenis omskryf. In Romeine 4:11 [Rom_4:11] gee die apostel Paulus dan 'n omskrywing van die besnydenis. Hy noem dit 'n teken en 'n seël van die geregtigheid van die geloof.

Wat word in sy besnydenis aan Abraham verseël? Nie Abraham se geloof nie, maar dit wat hy deur die geloof ontvang het, naamlik die geregtigheid van God.

In die vorige hoofstuk het Paulus vir sy lesers gewys dat hierdie geregtigheid die geregtigheid van Christus is. Paulus maak dit vir sy lesers duidelik dat dit wat in die besnydenis verseël word, in verband gebring moet word met die heil wat Christus bewerk het. Die besnydenis het derhalwe betrekking op die heilswerklikheid van Christus. God het deur die besnydenis aan Abraham beteken en verseël dat hy voor God regverdig is. Abraham staan in 'n regte verhouding tot God. Die besnydenis is die seël van geloofsgeregtigheid. Dit beteken: die besnydenis is die waarborg dat die mens wat in God glo, gered word.

Paulus se uiteensetting van die besnydenis wys duidelik op die geestelike karakter daarvan. Dit het te doen met die regverdiging, die regte verhouding teenoor God.

Wanneer ons in Romeine 4 verder lees, dan word deur Paulus op 'n ondubbelsinnige wyse die eenheid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament benadruk. Daardie eenheid kom besonder sterk in die vaderskap van Abraham na vore. Romeine 4:11, 12 [Rom_4:11-12] leer ons dat Abraham die vader van twee groepe mense is: hy is die vader van almal wat glo terwyl hulle nog onbesnede is, maar hy is ook die vader van diegene wat nie alleen uit die besnydenis is nie, maar wat ook in die voetstappe van Abraham se geloof wandel. Abraham is dus die vader van die gelowiges uit Israel, maar hy is ook die vader van die gelowiges uit die heidene.

Die eenheid tussen die Ou Verbond en die Nuwe Verbond word hier deur Paulus op 'n kernagtige wyse tot uitdrukking gebring. Dit gaan in wese sowel in die Ou Testament as in die Nuwe Testament om dieselfde geloof en dieselfde verbond. In die Ou Testament is die waarborg dat 'n mens deur geloof gered word in die sakrament van die besnydenis gegee.

Uit Romeine 4:11, 12 [Rom_4:11-12] is wel baie duidelik dat geloof by Abraham aan die besnydenis voorafgaan. Die volgorde is by hom: eers die geloof en daarna die besnydenis. Sy besnydenis is vir hom 'n teken en 'n seël dat hy deur geloof gered is. Deur sy geloof staan hy in 'n regte verhouding tot God. Ons moet egter goed daarop let: nie Abraham se geloof is deur sy besnydenis verseël nie, maar sy regte verhouding tot God wat alleen deur geloof ontvang kan word. Die besnydenis dien juis om daardie geloof te versterk.

In Galasiërs 3 word ook deur Paulus die eenheid tussen die Ou Verbond en die Nuwe Verbond ter sprake gebring. Paulus wys daarop dat Abraham in God geglo het, en dit is hom tot geregtigheid gereken (vs. 6 [Gal_3:6]). In Galasiërs 3:7 en 3:9 [Gal_3:7; Gal_3:9]lees ons dan die uitdrukking: „die wat glo". Daarmee bedoel Paulus die heidene wat glo. Twee dinge word dan van die gelowiges uit die heidene gesê: hulle is kinders van Abraham (vs. 7 [Gal_3:7]) en hulle word saam met die gelowige Abraham geseën (vs. 9 [Gal_3:9]). Die seën wat die gelowiges uit die heidene ontvang, word in Galasiërs 3:14 [Gal_3:14] die seën van Abraham genoem.

Die seën van Abraham is blykens Galasiërs 3:6, 11, 13 [Gal_3:6; Gal_3:12; Gal_3:13]die regverdiging deur die geloof. Hierdie seën is aan Abraham as evangelie verkondig (Gal. 3:8 [Gal_3:8]). Inhoud van die evangelie is: in Abraham sal die heidene, die heidenvolkere, geseën word. En waaruit bestaan die seën? Die regverdiging uit die geloof (vs. 8 [Gal_3:8]). Die Skrif kom met die evangelie, met die goeie nuus dat die heidene op dieselfde wyse as Abraham gered sal word as hulle glo.

Van hierdie redding is die besnydenis in die Ou Testament 'n teken en 'n seël soos die doop in die Nuwe Testament van dieselfde redding 'n teken en 'n seël is. Die sakrament van die besnydenis bly die teken en die seël dat 'n mens deur geloof gered word, ook al is die hele wêreld ongelowig. Waar geen geloof is nie, kan dit wat die besnydenis beteken en verseël, nie ontvang word nie. Maar wat God belowe het, is daarom nie minder waar en waaragtig nie. Besnydenis as sodanig bied geen waarborg vir redding nie: geloof is noodsaaklik.

4.4. Die kinderbesnydenis

Ons het gesien dat die besnydenis van Abraham deur en deur 'n volwassenebesnydenis was. Maar nou kry ons in die Ou Testament die merkwaardige verskynsel dat dieselfde besnydenis wat Abraham ontvang het en wat 'n teken en 'n seël van die geregtigheid van die geloof is, ook deur sy huis ontvang moes word.

Die volwassenebesnydenis gaan in 'n huisbesnydenis oor (Gen_17:12-14). Die volwassenebesnydenis word selfs 'n suigelingebesnydenis (Gen_17:12). Kinders wat nog maar agt dae oud is, moet besny word. Die vraag kan gestel word: Hoekom moet Abraham die klein kindertjies besny terwyl daar by hulle nog geen geloof is soos dit by Abraham die geval is nie? Die antwoord is eenvoudig: Omdat die Here dit beveel het.

Ons kan nog wel verstaan dat die kinderbesnydenis die teken van die verbond is, maar kan ons die kinderbesnydenis 'n seël van die geregtigheid van die geloof noem? Sonder enige twyfel, want die Here het dit so ingestel en beveel. Dit is beslis nie so dat die volwassenebesnydenis van die kinderbesnydenis verskil nie. Ons lees in Genesis 17:26 [Gen_17:26] dat Abraham en Isak, vader en seun, op een en dieselfde dag dieselfde besnydenis ondergaan het. Ook aan die kindertjies word deur die sakrament van die besnydenis die waarborg gegee dat hulle deur geloof gered word. Hierdie waarborg ontvang hulle nie omdat hulle reeds glo nie. Nee, God gee selfs hierdie waarborg aan hulle wat nog glad nie glo nie. Wel roep die besnydenis die kindertjies tot geloof op. Daarom moes die Joodse ouers die kinders ook in die verbond van die Here opvoed.

Ook al dwaal die volk Israel van die Here af weg, ook al neem hulle die verbond met God nie ernstig nie, dan nog is die besnydenis die teken van die verbond en die seël, die waarborg, dat elkeen wat glo, gered sal word. Maar dan moet die volk tot die Here teruggeroep word, dan moet ook die hart van die mense wat besny is, besny word.

Maar teenoor die seën wat God op verbondsgehoorsaamheid skenk, staan ook die dreiging van die vloek vir verbondsongehoorsaamheid (Lev_26:14-39; Deu_28:15-68). Die Ou Testament toon baie duidelik aan dat die besnydenis as sodanig nie voldoende is om die seën van die verbond, die geloofsgeregtigheid, te ontvang nie. Die hart moet ook besny word. Op die besnydenis moet die bekering en die geloof volg. In Esegiël 44:7 [Eze_44:7] word die onbesnedenes van hart en die onbesnedenes van vlees selfs op een lyn geplaas. Die besnydenis van die liggaam is dan ook nooit 'n waarborg dat die hart ook besny is nie.

Daar was in Israel die voortdurende gevaar van veruitwendiging van die besnydenis en van devaluering van die verbond. Die geestelike betekenis van die besnydenis, naamlik dat dit die teken van die verbond en die seël van die geregtigheid van die geloof is, is dikwels onder die volk Israel uit die oog verloor. Wanneer dit gebeur het, het die Here tog nie die besnydenis as sonder enige waarde beskou nie, maar Hy het sy profete gestuur om die volk op te roep tot terugkeer na die Here, tot 'n verstaan van die ware, geestelike geloofsbetekenis van die besnydenis.

Ook al het die hele volk Israel van die Here afgedwaal, ook al is almal tevrede met die uiterlike teken van die verbond, dan bly die besnydenis tog nog die seël van die geregtigheid van die geloof. Maar wanneer daar geen geloof is nie, kan die geregtigheid nie ontvang word nie, en kan die versekering van die regte verhouding tot God nie geniet word nie.

Uit die voortsetting van die volwassenebesnydenis in die kinderbesnydenis kan ons leer dat die volgorde: geloof — besnydenis wat vir Abraham by die verbondsluiting gegeld het, ook omgekeer kan word: besnydenis — geloof. Klaarblyklik is volgens die duidelike onderwysing van die Skrif by die kinders die volgorde juis omgekeerd: eers die besnydenis en daarna die geloof. Dit beteken hoegenaamd nie dat die kinderbesnydenis van laer gehalte is as die volwassenebesnydenis nie. Maar dit beteken wel dat die kinderbesnydenis om die besnydenis van die hart roep, dat die kinderbesnydenis vra om die geloof wanneer die kind opgroei.

Ons moet by die besnydenis baie goed onderskei tussen die moment van die besnydenis en die resultaat van die besnydenis. Die geloof het met die resultaat van die besnydenis te doen. Paulus wys op die twee elemente wanneer hy oor die doop van die volk Israel in Moses in die wolk en in die see skrywe. Almal (Gr.: *pantes)* is gedoop (I Kor. 10:2 [1Co_10:2]), maar in die meeste van hulle (Gr.: *en tois pleiosin auton)* het God geen welgevalle gehad nie (I Kor. 10:5 [1Co_10:5]). Sommige (Gr.: *tines)* was afgodedienaars, het gehoereer en gemurmureer en Christus versoek (I Kor. 10:7-10 [1Co_10:7-10]).

In sy kommentaar op Romeine 4:11 [Rom_4:11] wys Calvyn daarop dat by Abraham die besnydenis op die regverdiging volg, maar dat by lsak en sy nakomelinge die omgekeerde die geval is. Ons kan hieruit die baie belangrike les leer dat ons ons nie op een volgorde, naamlik dié van geloof — besnydenis, moet vaspen nie. Wanneer die Here in die instelling van die

huisbesnydenis en die kinderbesnydenis die sakrament van die besnydenis aan die geloof vooraf laat gaan, dan mag ons nie sê dat dit nie kan nie. Dan wil ons wyser as God wees.

Ten slotte moet daar nog op gewys word dat ook reeds in die Ou Testament die natuurlike faktor van bloedafstamming nie as basis vir die besnydenis gedien het nie. Soos ons reeds gesien het, was die kinderbesnydenis eintlik 'n huisbesnydenis. Ons mag die besnydenis in die Ou Testament nie tot 'n suiwer vleeslike saak van bloed, voortplanting en nasionale afkoms beperk nie. Dit is die groot fout van Karl Barth dat hy die besnydenis net op die natuurlike geboorte betrek.

Daar is wel 'n biologiese motief met betrekking tot die besnydenis, maar daardie motief is nie deurslaggewend nie. Die natuurlike gebeure van voortplanting, wat 'n skeppingsopdrag van God is, word in God se verbond nie onderbreek of verontagsaam nie, maar in berekening gebring: vir jou en jou nageslag geld die verbond. God se genadewerk slaan nie atomisties individualisties in die geskiedenis in nie, maar vloei in die skeppingsmatige verbande tussen ouers en kinders.

Die besnydenis is in die Ou Testament 'n huisbesnydenis (Gen_17:12). Eie kinders maar ook slawe en hulle kinders moes die sakrament van die besnydenis ontvang. Hier gaan dit nie primêr om Abraham en sy biologiese saad nie, maar om Abraham en sy huis. Die huis beteken dan die leefruimte, die leefklimaat van Abraham. Daardie klimaat en daardie ruimte word immers deur die heilryke teenwoordigheid van die God van die verbond beheers.

In die besnydenis, ook in die kinderbesnydenis, sien ons reeds dieselfde motief wat later ook vir die doop van Johannes kenmerkend sou wees: die heenwysing na Hom wat die geregtigheid deur sy lyding en sterwe bewerk het.

Die unieke en die besondere van die besnydenis in die Ou Testament is dat daarin 'n heenwysing geleë is na die heilsgebeure in Christus. Wanneer Paulus in Romeine 4:11 [Rom_4:11] die besnydenis 'n seël van die geregtigheid van die geloof noem, bedoel hy daarmee die geregtigheid wat hy in Romeine 3:21-31 [Rom_3:21-31] as die geregtigheid van Christus aangedui het.

Hoewel die besnydenis as teken 'n seël van die geregtigheid van die geloof is, is dit tog nog 'n onvervulde teken. Die besnydenisgestalte is die beloftegestalte. Die geregtigheid waarheen die besnydenis wys, moet nog deur Christus vol bring, verwerf word. Maar tog kan Abraham deur die geloof reeds daarin deel.

Die besnydenishandeling self gaan ook nog met bloed gepaard Die bloedgestalte wys op die heil in Christus. Dit is kenmerkend vir die verkondiging van die heil in die Ou Testament dat dit met bloed gepaard gegaan het Die hele offerdiens is die duidelikste voorbeeld daarvan.

Die besnydenishandeling kom dan ook tot 'n einde nadat Christus sy bloed gestort het. Dan kom daar 'n ander teken en seël waarby geen bloed meer hoef te vloei nie.

5. VERBOND EN DOOP

5.1. Verbond en koninkryk

Wanneer ons die Christelike doop met die besnydenis vergelyk, w$_0$rd ons deur 'n ryker Godsopenbaring in die doop getref.

In die Ou Testament het God met Abraham en sy nageslag 'n verbond gesluit Die Here, die God van die verbond, skenk aan Abraham sy genade en eis van hom en sy nageslag onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Die inhoud van die verbond is: Ek sal vir jou 'n God wees (Gen_17:7). Hierdie heerlike versekering van die God-wees van God geld ook vir Abraham se nageslag: En Ek sal vir hulle 'n God wees (Gen_17:8).

Die Here stel dan die besnydenis in as teken van sy verbond met Abraham en sy nageslag. Dit moet by die kinders op die agste dag ná die geboorte plaasvind en geld vir alle lede van Abraham se huishouding, ook vir die slawe (Gen_17:12). Niemand mag hiervan uitgesluit word nie. Daar is geen moontlikheid in die huis van Abraham om teenoor God se beloftes van Genade, sy eis om gehoorsaamheid en sy oordeel oor verbondsoortreding onbetrokke te bly nie.

Daar is in die Bybel 'n nou verbondenheid tussen verbond en koninkryk Ons lees in Mattheus 8:11 [Mat_8:11] dat Abraham, met wie God 'n verbond gesluit het, saam met Isak en Jakob in die koninkryk van die hemele sal aansit. By die instelling van die heilige nagmaal noem Jesus die beker die nuwe testament of die nuwe verbond in sy bloed (Luk_22:20), terwyl Hy kort tevore die nagmaal binne die wyer verband van die koninkryk van God geplaas het (Luk. 22:16). In die geboortegeskiedenis van Jesus lees ons dat Hy op die troon van sy vader Dawid sal sit en dat Hy Koning sal wees oor die huis van Jakob (Luk_1:32-33), en dan word dit in Lukas 1:72, 73 [Luk_1:72-73] in verband gebring met die heilige verbond en met die eed wat God aan Abraham gesweer het.

5.2. Die doopbevel van Christus

In Mattheus 28 word die dissipels deur Jesus self opgeroep om te doop, en dan staan die opdrag om te doop in die breër raamwerk van die bevel om die evangelie te verkondig. Die doopbevel is ten nouste aan die sendingbevel gebind. Maar beide die opdrag om die evangelie te verkondig en die bevel om te doop staan binne die kader van die Koningsheerlikheid van Christus.

Christus het van sy Vader die wêreldheerskappy ontvang (Mat_28:18). Die doop wys op die regte wat Jesus as Koning het oor hulle wat in sy Naam gedoop is.

Die Christelike doop word in Mattheus 28:19 [Mat_28:19] omskryf as 'n doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hier is dit weer dieselfde God wat Hom soos in die Ou Testament by Abraham aan mense verbind. Inhoud van die verbond of van die koninkryk is weer dieselfde: Ek sal vir jou 'n God wees en vir jou nageslag ná jou. Maar hier in die Nuwe

Testament openbaar God Hom voller en ryker as by Abraham. Hy, die God van die verbond, is die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees.

Ons het hier in Mattheus 28 te doen met dieselfde verbond, dieselfde koninkryk, dieselfde God; dieselfde God openbaar Hom hier net voller, ryker, heerliker.

Die Christelike doop is 'n doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die woord *naam* (Grieks: *onoma)* is hier nie maar net 'n noemmiddel nie. Naam het in die Nuwe Testament die dieper betekenis van mag, heerlikheid, majesteit, luister. Jesus het met sy verhoging 'n Naam bo elke naam ontvang (Fil. 2:9 [Phi_2:9]). Die uitdrukking ,,in die naam van" het sy oorsprong in die Ou Testament, waar daar na God self, na sy aanwesigheid en mag verwys word. Wanneer 'n persoon in iemand se naam gedoop word, word hy onder, iemand se gesag, sy mag en heerskappy gebring. Die Christelike doop is 'n doop in (letterlik in Grieks: *tot)* die Naam van die drie-enige God. Die gedoopte word deur sy doop onder die gesag van die drie-enige God geplaas.

Die doop in die Naam van die Vader beteken dat die dopeling aan die Vaderlike sorg van God toevertrou is. God sal soos 'n vader vir die gedoopte sorg. Diegene wat die merk van die verbond of van die koninkryk ontvang het, staan onder sy Vaderlike, Koninklike sorg.

Die doop in die Naam van die Seun beteken dat die dopeling aan die Here Jesus Christus oorgedra word. Deur die doop word die dopeling tot eiendom van Christus gestempel en verseël. Daarom kan 'n mens homself nooit doop nie. Hy wòrd gedoop. Die doop in die Naam van die Seun, wat Here en Koning is, kan derhalwe as 'n regeringsverandering omskryf word. Deur dit wat in die doop beteken en verseël word, bevry God die mens uit die slawerny van die sonde en die dood en stel hom onder 'n nuwe Koning, onder Wie hy vry is om 'n nuwe lewe te lei.

Dit is egter nie voldoende dat die dopeling onder die heerskappy van Christus gestel word nie. Hy moet ook die God in wie se Naam hy gedoop is, eer, eerbiedig, liefhê en dien. Hy moet hom as Vader gehoorsaam. Hy moet die gesag van die Gewer aanvaar. Die koningsheerskappy van God is immers geheel anders as die heerskappy van die aardse konings. In die verbond, in die ryk van God het die heerskappy van God 'n besonder persoonlike karakter. Dit raak die mens se hart. Maar ook die hart van die gedoopte is van nature hard en koud en ongevoelig teenoor die liefde van God.

Maar die Christelike doop is ook 'n doop in die Naam van die Heilige Gees. Die dopeling word deur sy doop onder die gesag, die regime van die Heilige Gees gebring. Die Gees van die opgestane Here Jesus is by magte om die hart van die dopeling te verander, te vernuwe. Die geloof wat nodig is om in liefdevolle gehoorsaamheid in God se verbond te lewe, wil die Heilige Gees in die hart werk. Die belofte van die heilsame werking van die Heilige Gees in die hart word in die doop beteken en verseël.

Die klassiek Gereformeerde Doopsformulier lê in die didaktiesegedeelte dadelik in die begin reeds 'n verband tussen die doop en die ryk van God. Deur die doop erken die kerk dat alle mense onder die heerskappy van die sonde en die dood gebore is en dat die mens slegs deur 'n

nuwe geboorte in die koninkryk van God kan ingaan. Elkeen wat gedoop is, volwassene of kind, het deur sy doop 'n regeringsverandering ondergaan. Of hy dit aanvaar of verwerp, hy staan onder die gesag van 'n drie-enige God.

Om egter die nuwe gesag, die heilsgesag van God, te erken vra 'n radikale lewensvernuwing, 'n nuwe geboorte. Dit is die werk van die Heilige Gees. Verwerping van die nuwe gesag deur volhardende ongeloof is 'n verloëning van die doop. Daarom is dit met name vir 'n dopeling wat weier om God se gesag te gehoorsaam, so verskriklik om verlore te gaan.

5.3. Die eenheid van geloof en doop

In verband met die doopbevel is daar 'n treffende parallel tussen Mattheus 28:19 [Mat_28:19] en Markus 16:15, 16 [Mar_16:15-16]. In Markus 16:16 word die redding van die mens aan die geloof en die doop verbind, terwyl sy veroordeling met die ongeloof verbind word.

By Markus word die eenheid van geloof en doop besonder sterk beklemtoon. Trouens, dwarsdeur die Nuwe Testament lees ons van hierdie innige samehang wat daar tussen geloof en doop bestaan. Hieromtrent kan ons hartlik met die Baptiste saamstem. Dit bring ons egter wel by die vraag wat hierdie onlosmaaklike eenheid van geloof en doop presies beteken. Beteken hierdie onlosmaaklike eenheid van geloof en doop dat ons van 'n chronologiese volgorde moet uitgaan: eers geloof en daarna die doop? Wanneer die geloof die teken en die seël, die bevestiging van die geloof is, dan is dit inderdaad die geval. Hier verskil ons met die Baptiste. Hulle beroep hulle op hierdie teks met die opmerking: Geloof gaan tóg duidelik aan die doop vooraf, en daarom mag iemand wat sy geloof nog nie bely het of soos 'n suigeling nog nie kan bely nie, nie gedoop word nie.

Ons het reeds uit die Ou Testament by Abraham gesien dat die volwassenebesnydenis inderdaad op Abraham se geloof gevolg het. Dit is by die volwassenedoop in die Nuwe Testament nie anders nie. Maar dan nog bly die vraag of daar altyd van 'n chronologiese volgorde van geloof en doop sprake moet wees. By die kinderbesnydenis of die huisbesnydenis het hierdie volgorde nie gegeld nie.

Die vraag na die chronologiese volgorde van geloof en doop kan alleen beantwoord word wanneer ons weet waarop die doop betrek moet word: Is die doop die seël op die geloof, dan moet die geloof inderdaad aan die doop voorafgaan. In die Nuwe Testament is dit baie duidelik dat die doop op die groot heilsgebeure van die sterwe en opstanding van Christus terugwys. Andersyds wys die doop ook vooruit op die persoonlike geloof en die lewensvernuwing wat met die geloof gegee is.

Ook in Markus 16:16 [Mar_16:16] is die doop op die heilsgebeure in Christus betrek. Die evangelie wat die sterwe en opstanding van Christus tot inhoud het, en die heilsbetekenis daarvan moet aan die ganse mensdom verkondig word.

In die verkondiging van die evangelie staan die kruis en die opstanding van Christus sentraal: die vergewing van sondes word op grond van Christus se sterwe en opstanding in die prediking van

die evangelie aangebied (vgl. Joh_20:23). Die doop is daarna die bevestiging van dit wat in die evangelie aangebied word. Die eenheid van geloof en doop lê in Markus 16:16 [Mar_16:16] nie in die onderlinge afhanklikheid van geloof en doop nie, maar dit lê in die gesamentlike betrokkenheid van geloof en doop op die verkondiging van die evangelie (Mark. 16:15 [Mar_16:15]).

Die doop is nie 'n bevestiging van iets in die mens, van sy geloof nie, maar die doop is 'n bevestiging van dit wat God skenk: die waarheid van die evangelie. Die doop is nie 'n teken en 'n seël van die geloof of die wedergeboorte nie, maar van die geregtigheid wat 'n mens net deur geloof in die verkondigde evangelie deelagtig word (Rom_4:11). Ook al is die hele wêreld ongelowig, dan bly die doop nog die seël wat bewys dat God hulle regverdig verklaar wat in Hom glo.

Ons mag die doop nie met die geloof op een lyn stel as middel om God se heil te ontvang nie. Saam met die geloof is die doop betrek op die verkondiging van die evangelie en op dit wat daarin aangebied word, naamlik die vergewing van sondes. Maar geloof en doop is elk op 'n eie manier daarop betrek. Wat in die doop verkondig, beteken en verseël word, kan alleen deur middel van die geloof ontvang word.

Ook wanneer geloof aan die doop voorafgaan, bevestig die doop dat daar 'n regeringsverandering plaasgevind het. Die gelowige wat gedoop is, staan onder die genadeheerskappy van Christus, hy is in die koninkryk van God opgeneem, hy staan onder 'n nuwe Koning. Tegelyk word hy deur sy doop tot 'n nuwe gehoorsaamheid vermaan en verplig.

6. DIE KINDERDOOP

6.1. Kinders in die Nuwe Testament

Daar is dikwels verbasing uitgespreek oor die feit dat die Nuwe Testament geheel en al oor die doop van kinders swyg. Ons kan daar nog byvoeg dat die Nuwe Testament minimale aandag aan kinders gee. Daar word in die Nuwe Testament in vergelyking met die Ou Testament baie min oor kinders gepraat. Dit lyk of daar binne die ruimte van die gemeente geen belangstelling vir kinders is nie.

In die Evangelies en in die boek Handeling verskyn hulle sporadies, slegs aan die rand. Die briewe in die Nuwe Testament is aan volwassenes geskrywe. Alleen in die sogenaamde huistafels in Efesiërs 5 en Kolossense 3 word die kinders regstreeks aangespreek. In 1 Korinthiërs 7 praat Paulus oor die kinders, en in die huistafels praat hy met die kinders.

6.2. Kinders van die Here

In die twee briewe wat Paulus vanuit die gevangenis geskryf het (die brief aan die Efesiërs en die brief aan die Kolossense), word die kinders deur die apostel aangespreek as kinders ,,in die Here". Hulle moet hulle ouers gehoorsaam wees ,,in die Here" (Ef. 6:1 [Eph_6:1]). Hulle moet in alles aan hulle ouers gehoorsaam wees, want dit is (lett.: in) die Here welbehaaglik (Kol. 3:20 [Col_3:20]).

Die formule *in die Here* speel 'n belangrike rol in die sogenaamde huistafels. Telkens wanneer die oproep tot gehoorsaamheid klink. word die belangrike uitdrukking ,,in die Here" daar bygevoeg (Kol 3:18 [Col_3:20]; Kol 3:20 [Col_3:20]; Ef. 5:22 [Eph_5:22]; Ef. 6:1 [Eph_6:1]). Gehoorsaamheid aan die meerdere moet tegelyk gehoorsaamheid aan die Here wees (Kol. 3:24 [Col_3:24]; Ef. 5:24 [Eph_5:24]; Ef. 6:5 [Eph_6:5]).
Die uitdrukking ,,in die Here" het in die vroeë Christelike kerk 'n besonder belangrike rol gespeel. Die kern van die apostoliese verkondiging, die hart van die oudste Christelike belydenis was die feit dat Christus, Kurios, Here is. Die woord *Kurios,* Here, dui Jesus aan as die Heerskappyvoerder, die Here wat alle gesag ontvang het, wat oor kerk en kosmos sy aanspraak uitoefen en wat gehoorsaamheid vereis.

Die kinders wat in die Here aan hulle ouers gehoorsaam moet wees, word opgeroep om vanuit die gesag wat Christus oor hulle uitoefen, hulle ouers te gehoorsaam. Die kinders van die gemeente is saam met hulle ouers ,,in die Here", dit wil sê hulle staan saam met hulle vaders en moeders onder die genadeheerskappy van die verhoogde Christus. Deur middel van die doop laat Christus sy reg op hulle geld, kom Hy tot hulle met sy belofte van heil en vra tegelyk volkome gehoorsaamheid.

Beteken dit dat daar 'n biologiese motief vir die kinderdoop is? Word die kinders gedoop omdat hulle biologies met hulle ouers verbind is? Dit lyk of bloedafstamming by die kinderdoop 'n baie belangrike faktor is.

Daar is sonder enige twyfel sprake van 'n natuurlike faktor by die kinderdoop soos dit ook by die besnydenis in die Ou Testament die geval was. Ons moet egter daarop let dat reeds in die Ou Testament die biologiese in die verhouding deur die verbondsverhouding oorkoepel word. In die Nuwe Testament sien ons dieselfde. In die kerk word nie alle kinders gedoop nie — net kinders van gelowige ouers word gedoop. Gelowige ouers wat saam met hulle kinders „in die Here" is, net hulle mag hulle kinders laat doop. Uit 'n huis waaroor Christus as Heerskappyvoerder, as Koning regeer, mag kinders na die doopvont gebring word.

6.3. Geloof en doop

Soos ons reeds gesien het, wys die Nuwe Testament baie duidelik op die onverbreeklike verhouding van geloof en doop. Dit is gelowiges wat in die Nuwe Testament gedoop word. Maar ook by die kinders wat gedoop word, bly die verhouding: geloof — doop van krag. Dit is egter nie nodig om die geloof by die kinders te veronderstel nie. Dit is selfs uiters gevaarlik om iets te veronderstel wat nie daar is nie. Die hele verbondsopvoeding kom daardeur in gevaar.

By die kinderdoop gaan dit ook om geloof. Dit gaan egter by die kinderdoop nie primêr om die

geloof in die kind nie, maar om geloof rondom die kind. Die kinderdoop is 'n doop vir kinders van gelowige ouers, 'n doop van kinders uit 'n huis waar die Koningskap van Christus erken, bely en eerbiedig word. In so 'n huis regeer Christus met sy Woord. Die geloof van die ouers en die doop van hulle kind is altwee op daardie beloftewoord van God betrokke.

Sowel by die besnydenis as by die doop moet ons altyd twee momente goed onderskei: die besnydenis en die doop self en die resultaat daarvan in die lewe van diegene wat besny of gedoop is. Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê in artikel 34 [Onderaan hierdie bladsy]: „Hierom glo ons dat, as iemand die voorneme het om in die ewige lewe te kom, hy' maar eenmaal (lees: een maal) gedoop moet word met die enige doop sonder dat dit ooit weer herhaal moet word, want ons kan nie tweemaal (twee maal) gebore word nie. Maar hierdie doop is nie alleen nuttig solank as die water op ons is en ons die water ontvang nie, maar ook vir die ganse tyd van ons lewe".

Deur kinders te doop voor hulle self Christus as Here kan erken en bely, verontagsaam die kerk nie die kind se geloofsbeslissing nie, maar wil die kerk die kind juis help om tot geloof te kom.

Die ouers en die kerk is deur opvoeding en kategese geroep om die kind te leer om sy doop te verstaan: hy staan as kind reeds onder gesag van 'n Koning, hy dra sy koninkryksmerk, hy moet daarom daardie Koning gelowig dien en eer en vrees. Die kind wat gedoop is, het 'n kinderposisie. Paulus noem dit in 1 Korinthiërs 7:14 [1Co_7:14] die kinders is in Christus geheilig.

6.4. In Christus geheilig

Paulus kwalifiseer die kinders van die gemeente (hulle: 1 Kor. 7:14 [1Co_7:14]) en ook die kinders uit gemengde huwelike as heilig.

Wat bedoel die apostel met die woord *heilig?*

Die woord *heilig* dui nie op 'n innerlike heiliging in die betekenis van wedergeboorte en lewensvernuwing nie. Iemand kan in Christus geheilig wees en tog 'n ongelowige wees, soos Paulus in sy verwysing na die ongelowige man of ongelowige vrou duidelik aantoon (1 Kor. 7:14 [1Co_7:14]).

Die woord *heilig* het twee aspekte. Positief wys *heilig* op toewyding aan God en negatief op 'n afkeer van die wêreld en 'n breek met die sonde. Veral wanneer dit gaan om kinders wat deur Paulus heilig genoem word, moet ons goed daarop let dat daar by heilig van 'n eis en 'n belofte sprake is. Diegene wat geheilig is, byvoorbeeld die kinders van die gelowiges, wat dus in 'n regsposisie ten opsigte van God gestel is, wie se lewe aan God toegewys behoort te wees, moet ook in die weg van die geloof en bekering heilig word om nie soos Esau die heiligheid wat geskenk is, in ongeloof en ongehoorsaamheid te verag nie.

Die gedagte is wel geopper dat ons in die woord *heilig* wat Paulus in 1 Korinthiërs 7 gebruik, 'n regstreekse heenwysing na die proselietedoop moet sien. By die proselietedoop is daar verskil

gemaak tussen kinders wat in heiligheid gebore is, en kinders wat nie in heiligheid gebore is nie. Met die laastes word kinders bedoel wat reeds gebore is voordat die ouers tot die Jodedom oorgegaan het. Die eerstes is kinders wat na die oorgang van die ouers tot die Jodedom gebore is.

Heilige kinders, kinders wat in hulle ouers geheilig is, wat in hulle ouers begrepe is, beteken nie noodwendig gelowige kinders nie, nie kinders wat reeds wedergebore is nie, maar dit dui op kinders wat saam met hulle ouers onder die genaderyke heerskappy van God lewe.

Ons Gereformeerde vaders soos Datheen en Micronius het altyd 'n onderskeid gemaak tussen *„in Christus geheilig"* en *„deur die Gees geheilig"*. Ons vind hierdie onderskeid ook in die Doopsformulier. In die eerste doopvraag van die Formulier word gevra of die ouers glo dat hulle kinders in Christus geheilig *is*, terwyl in die tweede hoofpunt van die Formulier gesê word dat die Heilige Gees deur die doop verseker dat Hy kinders tot lidmate van Christus *wil* heilig.

Die kind wat gedoop is, het 'n kinderposisie. Dit is 'n heerlike voorreg om in die ryk van Christus opgeneem te wees, in die huisgesin van God. Ons moet ons kinders daar telkens op wys, want hierdie voorreg kan nooit genoeg gewaardeer word nie. Wat die gedoopte kind in sy bevoorregte kinderposisie ook nodig het, is 'n kinderhart, 'n hart wat deur die Heilige Gees vernuwe is. Sy doop, wat ook 'n doop in die Naam van die Heilige Gees is, beteken en verseël vir die kind dat die Gees van Christus in hom wil werk. Dit is aan hom belowe.
Uit die gelykenis van die verlore seun (Luk_15:11-32) kan ons leer dat 'n kinderposisie, dat die opname in die verbond met God, dat die sakrament van die heilige doop alleen nie voldoende is nie. Al is dit heerlike voorregte wat ons nooit genoeg kan waardeer nie, tog het die kind in sy kinderposisie ook 'n kinderhart nodig. Deur ware bekering, deur die vernuwende werking van die Heilige Gees, wat 'n belofte van die verbond is en wat in die doop beteken en verseël word, ontvang die kind ook 'n kinderhart wat die Vader liefhet en dien, wat hom gehoorsaam aan die heerskappy van Christus onderwerp.

Die getroue verbondsopvoeding van die ouers en die toegewyde kategese van die kerk is hier uiters belangrik. Want hierdeur wil die Heilige Gees in die hart van ons kinders werk.

Dit is goed om daarop te let dat die Nuwe Testament onderskeid maak tussen die algemene woord *seun* (Grieks: *huios)* en die beperkter woord *kind* (Grieks: *teknon).* By die woord *seun* moet, volgens S. Greijdanus, soms aan 'n regshandeling gedink word, naamlik dat iemand in die posisie van die seun gestel is. Die onderskeid tussen die regsposisie van die kind en die innerlike gesteldheid van die hart van kind mag ons by die verbondsopvoeding nie uit die oog verloor nie. Ook is die tug van die kerk van die allergrootste belang. Dit is gelowige ouers wat hulle kinders by die doopvont bring. Daarom is die opmerking van prof. J.C. Coetzee so uiters belangrik: „Waar die tug in die kerk verwaarloos word, daar word die kiem geplant vir vraagtekens agter die kinderdoop. As ouers wat leef soos heidene, tugteloos in die kerk geduld sou word en as doopouers aanvaar word, dan groei die vraagtekens rondom die doop van hulle kinders. Laat ons dan ook hierin die dwaling van die verwerping van die kinderdoop teenstaan deur in ons kerke erns te maak met die kerklike tug."

Saam met die gelowige vaders en moeders is ook hulle kinders onder Christus se genaderyke heerskappy gebring. Is dit dan vreemd dat hulle die koninkryksmerk, sy merk en vaandel (NGB,

art. 34 [Onderaan hierdie bladsy]), dra?

Daarom is die twee vrae van E. Stauffer met sy eie kenmerkende antwoorde so belangrik:

Is daar iets teen die kinderdoop? Niks!
Is daar iets ten gunste van kinderdoop? Alles!

——— NGB ———

Artikel 34 - Die Heilige Doop

Ons glo en bely dat Jesus Christus, wat die einde van die wet is (Rom_10:4), deur sy bloed te stort 'n einde gemaak het aan elke ander bloedvergieting wat 'n mens tot versoening of tot voldoening van sondes sou kan of wil aanwend. Hy het die besnydenis, wat met bloed gepaard gegaan het, afgeskaf en in die plek daarvan die sakrament van die doop ingestel. Deur die doop word ons in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra. Dit dien vir ons tot 'n getuienis dat Hy ewig ons God en genadige Vader sal wees. Daarom het Hy ons beveel om almal wat sy eiendom is, net met gewone water in die Naam van die Vader en die Seun en die heilige Gees te doop (Mat_28:19).

Hy toon ons daarmee dat, soos die water die vuilheid van die liggaam afwas as dit oor ons gegiet word en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word. Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie maar wel met die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God, ons Rooisee waardeur ons moet trek om aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom en in die geestelike land Kanaän in te gaan. Die bedienaars gee ons van hulle kant dus met die sakrament wat sigbaar is, maar die Here gee wat met die sakramente aangedui word, naamlik die onsigbare genadegawes: Hy was ons siel, suiwer en reinig dit van alle vuilheid en ongeregtigheid; Hy maak ons hart nuut en vul dit met alle vertroosting; Hy gee ons egter sekerheid van sy Vaderlike goedheid; Hy beklee ons met die nuwe mens en ontklee ons van die ou mens en al sy werke.

Ons glo daarom dat iemand wat tot die ewige lewe wil kom, slegs een maal gedoop moet word sonder om dit ooit te herhaal, want ons kan tog ook nie twee maal gebore word nie. Hierdie doop is nie alleen nuttig solank die water op ons is en en ons dit ontvang nie, maar ook vir ons hele lewe. Daarom verwerp ons die dwaling van die Wederdopers, wat nie tevrede is met die een doop wat hulle een maal ontvang het nie en wat bowendien ook nog die doop van die gelowiges se kindertjies veroordeel. Ons glo daarenteen dat ons hulle behoort te doop en met die teken van die verbond te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde beloftes besny is as wat aan ons kinders gemaak is. En, waarlik, Christus het sy bloed nie minder vir die reiniging van die gelowiges se kindertjies as vir die volwassenes vergiet nie. Daarom behoort hulle die teken en die sakrament te ontvang van wat Christus vir hulle gedoen het, soos die Here in die wet beveel het om hulle kort na die geboorte deel te laat hê aan die sakrament van die lyding en sterwe van Christus deur vir hulle 'n lam te offer, wat 'n sakramentele heenwysing na Jesus was. Buitendien doen die

doop aan ons kindertjies dieselfde as wat die besnydenis aan die Joodse volk gedoen het; dit is die rede waarom die heilige Paulus die doop die besnydenis deur Christus noem (Col_2:11).

Mat_28:19; 1Co_6:11; Tit_3:5; Heb_9:14; 1Jo_1:7; (Rev_1:5); 1Pe_1:2; 1Pe_2:24; 1Jo_5:16; Joh_19:34; Mat_3:11; 1Co_3:7; Rom_6:3; Eph_5:26; Act_22:16; 1Pe_3:21; Gal_3:27; 1Co_12:13; Eph_4:5; Heb_6:1-2; Act_8:16; Act_2:38, Act_2:41; Mat_19:14; 1Co_7:14; Gen_17:11; Col_2:11; Lev_12:6.

AANBEVOLE LITERATUUR

ADAMS, J.E., 1979: Meaning and mode of baptism.

ALAND, K., 1981: Taufe und Kindertaufe.

BARKHUIZEN VAN DEN BRINK, 1958: Doopleer en Dooppraklijk, in Kerk en Eredienst XIII.

BALKE, W., 1973: Calvijn en de doperse radikalen.

BARTH, K., 1943: Die Kirchliche Lehre von der Taufe.

BARTH, K., 1967: Kirchliche Dogmatik, IV, 4.

BEASLEY-MURRAY, G.R., 19793; Baptism in the New Testament.

BEASLEY-MURRAY, G.R., 1975: Baptism, in: The New International Dictionary of New Testament Theology, Vol. 1.

BECKWITH, R.T., 1975: Infant Baptism, in: The New International Dictionary of New Testament Theology, Vol. 1.

BERKOUWER, G.C., 1947: Karl Barth en de kinderdoop.

BERKOUWER, G.C., 1954: De Sacramenten.

BEST, E., 1955: One Body in Christ.

BLEI, K., 1981: De kinderdoop in diskussie.

BORNKAMM, 1958: Taufe und neues Leben bei Paulus, in: Das Ende Des Gesetzes.

BRAUMANN, G., 1962: Vorpaulinische christeliche Taufverkündigung bei Paulus.

BIJLSMA, R., 1977: De doop.

CULLMANN, O., 1943: Die Tauflehre des Neuen Testaments.

CULLMANN, O., 1978": Baptism in the New Testament.

D'ASSONVILLE, V.E., 1981: Die gereformeerde doopsformulier.

DE RU, G., 19642; De kinderdoop in het Nieuwe Testament.

DOUMA, J., 1979: Geloof en doop, in: De Reformasie, Jaarg. 55, nr. 8, 24 November.

EWALD, P., 1910: De Briefe des Paulus an die Ephcser, Kolosser und Philemin.

FLOOR, L., 1979: Hy wat met die Heilige Gees doop.

GRAAFLAND, C, 1979: Volwassenedoop, kinderdoop, herdoop.

HEERMA, W., 1951: Van Gods verbond en woorden.

JEREMIAS, J., 1958: Die Kindertaufe in den ersten vier Jahrhunderten.

JONKER, W.D., 1981: Die Gees van Christus.

KAMPHUIS, J., 1982: Om het recht van het verbond, in: De Reformatie, Jaarg. 57, Nr. 29, 30, April, Mei.

KÖNIG, A., 1979: Strydgesprek oor die Kinderdoop, No.1 König, Labuschagne.

LLOYD-JONES, D.M. 1980: Christian Unity, An exposition on Ephesians 4:1 — 16.

SCHLINK, E., 1969: Die Lehre von der Taufe.

SCHNACKENBURG, R., 1950: Das Heilsgeschehen bei der Taufe nach dem Apostel Paulus.

SNYMAN, W.J., 1977: Nuwe en ou dinge.

VELEMA, W.H., 1965: Een gemiste kans, in: Canon Gestorum Scriptura, 17e Jaarg. no. 8/9, Junie. VERSTEEG, J.P., 1980: Het avondmaal volgens het Nieuwe Testament, in: Bij brood en beker.

WEBER, H.R., 1979: Jesus and the children.

ELEKTRONIESE WEERGAWE

Hierdie weergawe is in PDF verwerk deur Willem Swanepoel en AH Bogaards. Prof. Floor het goedgunstiglik ingestem dat dit gedoen mag word.

Rapporteer enige foute aan:
mailto:wjswanepoel@gmail.com

attie@enigstetroos.org